SimpleStudy®

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2012

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

* H I S T A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae, gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2009, wat soos volg is:

   VRAAG 1: PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSISME EN SOSIALE DARWINISME

   VRAAG 2: DIE IMPAK VAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG OP AFRIKA

   VRAAG 3: APARTHEID

2. ELKE vraag tel 75 punte en begin met ŉ sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. ELKE 75-punt vraag bestaan uit beide die brongebaseerde vrae wat 45 punte tel en uitgebreide skryfwerk wat 30 punte tel.

4. Kandidate moet die toepassing van kennis, vaardighede en insig in hulle antwoorde demonstreer.

5. Om regstreek uit bronne aan te haal sonder enige relevansie, sal tot kandidate se nadeel strek.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG1: HOE WAS RASSISME OP SWART AMERIKANERS IN DIE 1900's TOEGEPAS?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wat met "Jim Crow" wette bedoel word. (1 x 2) (2)

1.1.2 Deur die bron te gebruik, verduidelik van watter basiese menseregte swartes in die suidelike state ontneem was. (2 x 1) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Deur jou eie kennis te gebruik verklaar wie, of wat die Ku Klux Klan was. (1 x 2) (2)

1.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik wat die doelwitte van die Ku Klux Klan was. (3 x 1) (3)

1.2.3 Hoe was slagoffers, volgens die bron, deur die KKK gestraf? (2 x 1) (2)

1.2.4 Verduidelik, in jou eie woorde, waarom "Lynch" beskou kan word as 'n growwe skending van menseregte. (2 x 2) (4)

1.2.5 Watter boodskap word deur die foto in die visuele bron uitgebeeld? (2 x 2) (4)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Vergelyk Standpunt 1 met Standpunt 2, en verduidelik die hoof verskil tussen die twee. (2 x 2) (4)

1.3.2 Waarom, volgens die bron, het Agnes Smedly nie opgestaan vir haar oortuigings nie? (1 x 2) (2)

1.3.3 Deur jou eie kennis te gebruik, gee jou opinie oor James Eastland se siening van segregasie. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik hoe kontrasteer Bron 1C, Standpunt 2 met hierdie visuele bron. (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik hoe Bron 1B die visuele bron in 1D ondersteun. (1 x 2) (2)

1.4.3 Deur jou eie kennis en die bron te gebruik, verduidelik of die wit studente geregverdig was om Elizabeth Eckford toegang tot hul skool te weier. Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) hoe die optrede van die Ku Klux Klan verskil het met dié van die grondwet van Amerika. (6)

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer twee bladsye lank wees.)
Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.6.1 OF VRAAG 1.6.2.

1.6.1 Verduidelik hoe rassisme op Swart Amerikaners in Amerika toegepas was gedurende die 1900s. (30)

**OF**

1.6.2 Gebruik die inligting uit al die bronne in jou eie kennis en skryf ŉ artikel vir ŉ historiese joernaal oor die volgende onderwerp:

"Alhoewel Swart Amerikaners, vrygestel is as slawe was hulle nooit vry nie." (30)
**[75]**

## VRAAG 2: WATTER FAKTORE VOOR EN NA DIE TWEEDE WÊRELD-OORLOG HET BYGEDRA TOT DIE DEKOLONISASIE PROSES IN AFRIKA?

Bestudeer Bron 2A, 2B, en 2C en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik wat word in die spotprent weerspieël oor die mense in Afrika. (1 x 2) (2)

2.1.2 Deur jou eie kennis te gebruik verduidelik wie, of wat het Afrika in kettings gehou. (2 x 1) (2)

2.1.3 Gebruik jou eie kennis en noem die internasionale geleentheid wat gedurende 1939 – 1945 Afrika lande aangemoedig het om onafhanklik te word. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die konsep *Pan-Afrikanisme*. (1 x 2) (2)

2.2.2 Gebruik die bron en bepaal die hoofdoelwit van die kongres. (1 x 1) (1)

2.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om aan te toon wat die slegte behandeling was wat Afrika lande moes verduur. (2 x 2) (4)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron in jou eie kennis en verklaar waarom daar ŉ meer intensiewe eis om onafhanklikheid na die Tweede Wêreldoorlog was. (2 x 2) (4)

2.2.5 Haal inligting uit die bron oor metodes wat Kwame Nkrumah voorgestel het om van die koloniale moondhede ontslae te raak. (2 x 1) (2)

2.2.6 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik of Pan-Afrikanisme ŉ positiewe uitwerking op Afrika lande gehad het. Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Wat volgens Standpunt 1, was die voordele wat swartes sou geniet as hulle die lojaliteitsertifikate ten gunste van Brittanje sou onderteken? (3 x 1) (3)

2.3.2 Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik watter voordele het Brittanje beoog om te verkry deur groot getalle swartes te oorreed om aansoek te doen vir hierdie lojaliteitsertifikate. (2 x 2) (4)

2.3.3 Gebruik Standpunt 2 en jou eie kennis en verduidelik watter soort houding word deur Afrikane teenoor Brittanje ingeneem. (1 x 3) (3)

2.3.4 Gebruik jou eie kennis en verduidelik wie, of wat die Mau-Mau beweging was. (1 x 2) (2)

2.3.5 Vergelyk Standpunt 1 met Standpunt 2 en verduidelik watter standpunt weerspieël die begeerte van die Keniaanse mense die beste. Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik al die bronne in jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) oor redes waaroor Afrika lande in kettings gebind was en hoe hulle dit gebreek het om onafhanklikheid te verkry. (6)

2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.5.1 OF VRAAG 2.5.2.

2.5.1 Bespreek hoe die opkoms van Swart Nasionalisme gelei het tot die onafhanklikheidswording van verskeie Afrika state. (30)

**OF**

2.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel oor die volgende onderwerp:

"Afrika se begeerte om onafhanklikheid te verkry het sterker geword na die Tweede Wêreldoorlog." In jou verslag moet jy aandui hoe die Tweede Wêreldoorlog en ander faktore uiteindelik bygedra het tot die onafhanklikheidswording. (30)

**[75]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE VRYHEIDSHANDVES DIE APARTHEIDSREGERING UITGEDAAG EN DIE GEVOLGE DAARVAN.**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Deur die bron te gebruik, bepaal watter tipe regering was vir Suid-Afrika in die toekoms in die vooruitsig gestel. (1 x 2) (2)

3.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die historiese belangrikheid van die Vryheidsmanifes. (2 x 2) (4)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat Luthuli met sy verklaring bedoel het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en noem ten minste DRIE van die bevrydingsorganisasies wat teenwoordig was by die kongres in Kliptown. (3 x 1) (3)

3.1.5 Gebruik die bron en identifiseer watter dokument as gevolg van die Kliptown byeenkoms in 1955 ontstaan het. (1 x 1) (1)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Haal 'n sin aan vanuit Standpunt 1 wat aandui waarop die apartheidsisteem gebaseer was. (1 x 1) (1)

3.2.2 Hoe bruikbaar is Standpunt 1 vir 'n historikus wat navorsing doen oor die Vryheidshandves? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

3.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Standpunt 1 van Standpunt 2 verskil. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik wat met *hoogverraad* bedoel word. (1 x 2) (2)

3.3.2 Deur jou eie kennis te gebruik, verduidelik wat se straf vir hoogverraad opgelê kon word op hierdie stadium in Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

3.3.3 Waarom, volgens jou eie kennis, het die staat die verhoor vertraag? (1 x 2) (2)

3.3.4 Deur gebruik te maak van jou eie kennis en die bron verklaar waarom die beskuldigdes begelei was deur gewapende polisie en waarom weermag manne, die "Drill Saal" omsingel het. (2 x 2) (4)

3.3.5 Verduidelik wat die beskuldigde bedoel het met die nota en woorde: "Gevaarlik. Moet nie voer nie." (2 x 2) (4)

3.3.6 Gebruik jou eie kennis en die bron en verduidelik wat die ingesteldheid van die beskuldigdes was. (1 x 2) (2)

3.4 Gebruik al die bronne in jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) oor hoe die Vryheidsmanifes die eise van die mense verteenwoordig en wat sy verbintenis is met die nuwe grondwet van Suid-Afrika. (6)

3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer twee bladsye lank te wees). Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 of VRAAG 3.5.2.

3.5.1 "Die Vryheidshandves was maar een manier om verset te toon teen die apartheidsregering". Bespreek ander tipe weerstand in die 1950's. (30)

**OF**

3.5.2 Gebruik al die bronne in jou eie kennis en skryf 'n artikel oor die volgende onderwerp:

"Die vryheidsbeweging het met 'n nuwe versetplan begin, die Kongres Alliansie in 1955." Toon ook die gevolge hiervan aan. (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**